# EKONOMIESE ASPEKTE VAN DIE OPTIMISERING VAN DIE AANBOD VAN EN VRAAG NA VEEVOERPROTEÏENE IN SUID-AFRIKA

## Bestuursopsomming

### Algemeen

Suid-Afrika is toenemend besig om 'n tekort aan plaaslike geproduseerde veevoerproteïene te ondervind. Verskeie ramings is al gedoen om dié tekorte te kwantifiseer na die jaar 2000. Die jongste ramings toon tekorte van plaaslike produksie teenoor die verwagte vraag na veevoerproteïene In oliekoek ekwivalent) om te wissel vanaf sowat 600 000 ton tot 703 000 ton in die jaar 2000. Hierdie tekorte vind plaas te midde van struktuurveranderinge in die SA landbou op produksievlak gedurende die laaste dekade. Die oppervlakte onder produksie van akkerbouprodukte, veral mielies, is toenemend besig om die laaste aantal jare 'n dalende tendens te toon.

Die resultaat van die veranderinge word voorsien om toenemend druk te plaas op die voorsiening van proteïene vir veevoerdoeleindes in SA. Ontledings toon dat te midde van die verwagte tekorte in die aanbod van proteïene vir veevoerdoeleindes, produksie van vismeel vir dié doel onwaarskynlik is om toe te neem. Dit maak dit soveel meer noodsaaklik dat daar aandag gegee moet word aan die formulering van 'n geskikte beleid vir die voorsiening van veevoerproteïene van plantaardige oorsprong.

### Doelwitte

Die doelwitte van die navorsing is redelik wyd en het ten doel om die faktore wat die vraag en aanbod van veevoerproteïene beïnvloed, te ontleed. Die resultate sal aangewend word om uiteindelik voorstelle vir 'n beleid te formuleer wat daarop gemik is om 'n balans tussen die vraag na en aanbod van veevoerproteïene na te streef, op so 'n wyse dat ekonomiese en sosiale voordele gemaksimeer word. Daar sal ook gepoog word om 'n raamwerk daar te stel wat op 'n gereelde basis aangewend kan word om die optimum werking van vraag en aanbod te ontleed en die resultate bekend te stel.

Die spesifieke doelwitte van die navorsing kan as volg formuleer word:

1) Ontleding van die SA veevoerproteïenemark en verwante faktore (makro en mikro) om 'n oorsig te gee van die belangrikste faktore in dié verband;

2) Modellering van die vraag na veevoerproteïene deur die gebruikmaking van die laagste koste formulering van rantsoene vir die veevoermark;

3) Modellering van die aanbod van proteïengrondstowwe (oliesade en graan) in die somerreënvalgebied, met inagneming van die substitusiemoontlikhede tussen gewasse, hul relatiewe winsgewendheid en produksierisiko's;

4) Die daarstelling van 'n geïntegreerde model van vraag en aanbod in oliesade en voergraan deur gebruikmaking van 'n sektorale wiskundige model. Bestaande infrastruktuur en verwerkingsaanlegte sal in ag geneem word;

5) Modellering van die skakeleffek tussen die voergraansektor en die res van die ekonomie, om impak ontledings te kan doen;

6) Die ontwikkeling van scenarios gebaseer op voorgenoemde modelle, wat op 'n deurlopende basis aangewend kan word om die impak van beleidsopsies en aksies te ontleed op die verskillende deelnemers.

**Vordering**

In bovermelde verband is die eerste drie spesifieke doelwitte reeds gerealiseer (sien aangehegte verslag). Die daarstelling van 'n geïntegreerde model van vraag en aanbod in oliesade en voergraan is egter met ongeveer 3 maande vertraag deurdat bestaande programme nie die omvang van die probleem kon hanteer nie en nuwe sagteware vanaf die VSA ingevoer moes word. Hierdie fase nader nou egter voltooiing en die ontwikkeling van scenarios gebaseer op hierdie modelle kan dan ontwikkel word om die impak van beleidsopsies en aksies te ontleed. Die aangehegte verslag gee 'n beskrywing van die belangrikste makro- en mikro-aspekte van die SA mark vir veevoer en veevoerproteïene. Die volgende faktore is ontleed:

1) 'n Kort ontleding van die struktuurveranderinge in die SA landbou, relevant tot die mark vir veevoerproteïne;

2) 'n Beskrywing van die belangrikste struktuurveranderinge in die vraag na voedselprodukte en die impak op die mark vir veevoerproteïene;

3) Die belangrikheid, beskikbaarheid en pryse van veevoer en veevoerproteïene in voerrantsoene;

4) 'n Beskrywing van die verloop van produksie, verbruik, pryse en kwaliteit van die vernaamste veevoerbronne en veevoerproteïene in SA en internasionaal waar nodig, asook die bemarking en die bemarkingstelsels daarvan in SA;

5) 'n Ontleding van die bruto marge/ha op produksievlak van die verskillende voerbronne in 'n streekverband, asook veranderinge oor laaste twee jaar.

6) 'n Beskrywing van die veevoervervaardigersbedryf, waar die produksie van veevoere, die vraag na verskillende veevoerrantsoene en die prys- en substituuteienskappe van veevoer in rantsoene aangetoon word;

7) Die streekaanbod en -vraag van veevoerbronne, veevoertariewe, fasette van die graanopbergingsinfrastruktuur, en die beleid van selfvoorsiening met inagneming van invoerbeleid en -tariewe;

8) 'n Beraming van die omvang van die totale veevoermark, volgens die verskillende marksegmente, asook die grondstowwe wat aangewend word.

Dié gegewens (veral op streekbasis) sal in die verdere fases van die navorsing aangewend word om enersyds die ekonomietriese modellering te doen en om andersyds as basis te dien vir beleidsevaluering.

**Toekoms**

Die opgestelde modelle sal binne die volgende twee maande finaal getoets en aangepas word vir aanwending. Hierdie fases sal dan interaktief met geselekteerde rolspelers gedoen word om beleisopsies te evalueer. Die projek sal soos beplan in 1994 ten einde loop.

Resultate sal deurlopend as navorsingsartikels, kongresreferate, semi-populêre artikels en voordragte bekendgestel word in ooreenstemming met die projekdoelwitte.

JOHAN VAN ZYL

Fakulteit Landbouwetenskappe
Universiteit van Pretoria

30 Junie 1993